**WERKAART 3**

**MODULE 2**

Voltooi die volgende vrae in jou werkboek.

1. Lees die dagboekinskrywing op **bladsy 30** en voltooi dan die tabel deur ŉ voorbeeld van elke hoofletterreël uit die leesstuk te haal.

| Hoofletterreël | Voorbeeld |
|---|---|
| Name en vanne van mense | |
| Aan die begin van ŉ sin | |
| Name op ŉ kalender | |
| Aardrykskundige (plekke) name | |

2. Lees die onderhoud op **bladsy 35**. Soek die teenoorgestelde geslag van die volgende woorde in die onderhoud en skryf dit neer.

   a) joernaliste

   b) kunstenares

   c) ma

   d) vader

   e) broers

3. Gee die meervoudsvorm van die woorde tussen hakies.

*ŉ Wals is een van die (dans) wat steeds gewild is. Dit word in (stad) regoor die wêreld gedans. By die meeste (fees) speel hulle wals musiek, sodat almal kan dans. Party (mens) dans op hulle (toon) die 2 en 3 telling, en ander dans alles op hulle (voet). Enige iemand kan wals, (man), (vrou), (seun) en (dogter).*

4. Lees die artikel *Die Wals* (**p. 39**).

a) Skryf vier woorde uit die eerste paragraaf neer wat diftonge in het. Onderstreep die diftonge.

b) Skryf die deeltekenwoord neer wat in die artikel voorkom.

5. Gee die korrekte vorm of spelling van die woorde tussen hakies.

> *(Klasiek) ballet is al (jaar) lank deel van Suid-Afrika. Mense wat ballet doen lyk soos (voeltjies/voëltjies), want hulle (leef/leëf) hulle self in die musiek in. Hulle maak hulle (oë/oe) toe en ervaar die (rustig) van die musiek. Vir sommige mense is ballet net ŉ (lee/leë) dans. Ballet het (verskil) (reels/reëls) en vyf (posisie) waarvolgens die ballerina se voete moet wees.*

6. Kyk na *Piekfyn-Woordeboek* op **bladsy45.**

a) Verdeel die moeilike spelling woorde in klankgrepe.

b) Verdeel die moeilike spelling woorde in lettergrepe.

7. Lees *Die Storie van Swanemeer* **(p. 46-47).** Soek sinonieme uit die teks vir die volgende woorde.

a) moeder

b) pragtigste

8. Gee die verkleining van die woorde tussen hakies.

> *Prins Siegfried het in ŉ (paleis) gewoon. Die swane is (dogters) wie se ouers (trane) oor hulle gestort het. Die (prins) was hartseer toe hy dink hy het die meisie van sy (drome) verloor. Hy wou net een (vrou) hê, en dit was Odette.*

9. Kies die korrekte woord tussen hakies van die volgende sinne.

a) As dit reën tussen die berge, (ry/rei) die (trein/tryn) stadiger.

b) Tydens die (reënseisoen/ reënsysoen), is dit (tyd/teid) vir pannekoek in ons huis.

c) Die diere is mal oor die reën, want dan kan hulle (wei/wy) in die groen (weivelde/wyvelde).

## Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak

**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) **elana.bredell@nb.co.za** of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za.**